



AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
<http://ageconsearch.umn.edu>
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

FAKTORE WAT DIE VERGOEDING VAN PLAASBESTUURDERS BEINVLOED¹

J Laubscher
 Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

WE Kassier
 Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

WJ Conradie
 Departement Statistiek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

Uittreksel

Die grootte van die jaarlikse vergoedingspakket van plaasbestuurders word die sterkste beïnvloed deur beroepsondervinding en verantwoordelikheid, soos gemeet deur die omvang van die bates waarvoor hulle verantwoordelik is. Hoewel daar nie 'n direkte verwantskap tussen naskoolse opleiding en vergoeding bestaan nie, kan die afleiding gemaak word dat naskoolse opleiding 'n goeie belegging vir plaasbestuurders is, aangesien die poste met die grootste verantwoordelikhede (groot salarisse) deur betekenisvol meer persone met 'n graad of diploma as die daarsonder gevul word.

Abstract

Factors that influence the remuneration of farm managers

The yearly remuneration of farm managers is a factor of mainly experience of occupation and responsibility, as measured by the value of the assets a manager has to deal with in his managerial task. No direct relationship exists between post-matric education and remuneration. However, post-matric education seems to be good future investment due to the finding that positions with the greater responsibility are filled significantly by more managers in possession of a matric qualification.

1. Inleiding

Die toenemende belangrikheid van hoë-kwaliteit bestuursinstette vir boerdery word algemeen besef. Die tendens van groterwordende boerdery-eenhede gaan in die algemeen gepaard met 'n verhoging in die eise wat aan bestuur gestel word. Eienaar-ondernemers van groter boerdery-ondernemings word in die algemeen met die bestuurstaak bygestaan deur een of meer plaasbestuurders. Hierdie artikel handel oor 'n ontleding van faktore wat die vergoeding van plaasbestuurders beïnvloed. Die resultate van die ontleding behoort van belang te wees vir diene wat dit oorweeg om hulle as plaasbestuurders te bekwaam.

2. Data-insameling

Die data is met behulp van 'n posvraeboek ingesamel in medewerking met die tydskrif Effektiewe Boerdery. Die verspreiding van die lesers van hierdie tydskrif kom oor al vier provinsies van die R.S.A. voor. Daar bestaan 'n vermoede dat die groter boerdery- en/of suksesvolle ondernemers en -bestuurders 'n prominente deel van die lesertal van die tydskrif uitmaak. Die statistiese verwerkings wat volg is gegrond op die data van 164 respondente wat vraeboek teruggestuur het.

Aspekte waarvoor data bekom is, is die volgende:

- o Jaarlikse salarisepakket.
- o Naskoolse opleiding.
- o Jare ondervinding as plaasbestuurder.
- o Verantwoordelikheid van plaasbestuurder, soos gemeet aan die waarde van bates waarvoor hy verantwoordelik is.
- o Provinsie waar plaas geleë is.

3. Statistiese ontleding

3.1 Inleiding

Hierdie ontleding ondersoek in die eerste plek die moontlike betekenisvolle verwantskap, gesamentlik of afsonderlik, wat die faktore beroepsondervinding, naskoolse kwalifikasies, verantwoordelikheid en die provinsie waarin die boerdery-eenheid geleë is met die grootte van die jaarlikse vergoedingspakket van plaasbestuurders het. Die verantwoordelikheid van plaasbestuurders word geraam in terme van die waarde van bates waarvoor hul verantwoordelik is. Die vergoedingspakket behels die Randwaarde van jaarlikse kontant- en nie-kontant voordele gerealiseer. In die tweede plek word ondersoek tot welke mate 'n plaasbestuurder se beroepsondervinding en naskoolse kwalifikasies in verband gebring kan word by sy verantwoordelikheid, soos geraam met die waarde van die bates waarvoor hy verantwoordelik is. Uit 'n eerste analise het dit duidelik geblyk dat daar geen verwantskap bestaan tussen die grootte van die jaarlikse vergoedingspakket van plaasbestuurders en die provinsie waarin die boerdery-eenheid geleë is nie en die veranderlike "provinsie" is gevolglik nie in aanmerking geneem by die verdere analise nie. Die ander genoemde aspekte is soos volg gekategoriseer:

- o Kwalifikasie (KWAL): Graad of Diploma en Geen naskoolse opleiding.
- o Ondervinding (ONDV): 0 jr - 10 jr en 11 jr en meer,
- o Bates: Minder as R1 500 000 en R1 500 000 +,
- o Salaris: Minder as R30 000, R30 000 - R59 999 en R60 000 en meer.

Hieruit vloei die 2x2x2x3 gebeurlikheidstabel voort soos weergegee in Tabel 1.

Tabel 1: Gebeurlikheidstabel t.o.v. Salaris, Bates, Ondervinding en Kwalifikasies van 164 plaasbestuurders.

Salaris (S)	Bates (B)	Ondv (O)	Kwal (K) Graad/Diploma	Geen	Totaal
< R30 000	< R1 500 000	0Jr - 10Jr	13	15	28
		11Jr +	4	4	8
		Totaal	17	19	36
	R1 500 000 +	0Jr-10Jr	5	3	8
	11Jr +	1	0	1	
	Totaal	6	3	9	
30 000 - R59 000	< R1 500 000	0Jr - 10Jr	17	17	34
		11Jr +	15	12	27
		Totaal	32	29	61
	R1 500 000 +	0Jr - 10Jr	8	3	11
	11Jr +	12	4	16	
	Totaal	20	7	27	
R60 000 +	< R1 500 000	0Jr - 10Jr	1	0	1
		11Jr +	4	1	5
		Totaal	5	1	6
	R1 500 000 +	0Jr - 10Jr	6	0	6
	11Jr +	15	4	19	
	Totaal	21	4	25	

Die relatief min kategorieë per veranderlike word genoodsaak deur die gebruik dat 'n tabel met minder as + 10 persent leë selle (frekwensie van nul) verkry moet ten einde dit tegnies korrek te kan ontleed. In Tabel 1 het 3 van die 24 selle (d.i. 12,5 persent) 'n frekwensie van nul. Ten einde die probleem van die frekwensie van nul te oorkom is deurgaans in die ontleedings 'n konstante van 0,5 by elke selfrekwensie getel.

'n Loglineêre analise (Bishop *et al*, 1975) bestaan daaruit dat 'n model, ten opsigte van $\ln m_{ijkl}$, wat die onderliggende variasie in Tabel 1 die sinvolste beskryf, gesoek word. Hier dui m_{ijkl} op die verwagte teoretiese frekwensie ten opsigte van die $(ijkl)$ sel in Tabel 1. Die versadigde log lineêre model (d.i. die model waarin alle moontlike parameters aanwesig is) vir Tabel 1 word gegee deur:

$$\ln m_{ijkl} = \mu + \lambda_i^K + \lambda_j^O + \lambda_k^B + \lambda_l^S + \lambda_{ij}^{KO} + \lambda_{ik}^{KB} + \lambda_{il}^{KS} + \lambda_{jk}^{OB} + \lambda_{jl}^{OS} + \lambda_{kl}^{BS} + \lambda_{ijl}^{KOB} + \lambda_{ijk}^{KOS} + \lambda_{ikl}^{KBS} + \lambda_{jkl}^{OBS} + \lambda_{ijkl}^{KOBS}$$

$i = 1,2; j = 1,2; k = 1,2; l = 1,2,3.$

waar o.a.

- λ_{ijkl}^{KOBS} \equiv Interaksie-effek tussen vlakke ij,k en l van veranderlikes K,O,B en S afgekort as KOBS
- λ_{ijl}^{KOB} \equiv Interaksie-effek tussen vlakke ij en l van veranderlikes K,O en B afgekort as KOB.
- λ_{ij}^{KO} \equiv Interaksie-effek tussen vlakke i en j van veranderlikes K en O afgekort as KO.
- λ_i^K \equiv Effek van i^e vlak van veranderlike K afgekort as K.

Die ander interaksie- en hoofeffekte word netso gedefinieer.

Die model-bou prosedure het tot gevolg dat die interaksie-effekte wat 'n betekenisvolle bydrae tot die verklaring van die variasie in die tabel gee die finale model opgeneem word, ter-

wyl die wat geen betekenisvolle bydrae lewer nie, weggelaat word. Die weglating en byvoeging van interaksie-effekte geskied onderhewig aan die hierargiese beginsel n.l. dat indien 'n interaksie-effek tussen t spesifieke veranderlikes in die model ingesluit word, alle interaksie effekte van orde $t-1$ en minder ten opsigte van daardie t veranderlikes in die model opgeneem word ongeag die betekenisvolheid daarvan al dan nie.

3.2 Analise

Die loglineêre analise is met die 4F program van die 1988-uitgawe van die BMDP-pakket (Dixon, 1988) gedoen en die volgende afvoer is verkry:

Tabel 2: Gesamentlike toets dat alle $k+1$ en hoër faktor interaksies gelyk aan nul is

k	v.g.	χ^2_L	Waarsk.	χ^2	Waarsk.
0	23	116,73	0,0	111,18	0,0
1	18	68,54	0,0	80,08	0,0
2	9	2,56	0,9793	2,43	0,9827
3	2	0,35	0,8379	0,36	0,8338
4	0	0,00	1,0	0,00	1,0

- v.g. Vryheidsgrade;
- χ^2 Aanneemlikheidsverhoudingtoetsgrootheid;
- χ^2_L Pearson se χ^2 -toetsgrootheid;
- Waarsk. Oorskrydingswaarskynlikheid.
- Beide χ^2 en χ^2_L het 'n chikwadraatverdeling.

Die oorskrydingswaarskynlikheid van 0 by $k = 0$ en 1 en die relatiewe groot oorskrydingswaarskynlikhede by $k = 2, 3$ en 4 in Tabel 2 dui daarop dat die 4-faktor interaksie-effek KOBS asook alle 3-faktor interaksie effekte (d.i. KOS, KBS en OBS) nie betekenisvol van nul verskil nie. Die gegewens in tab bevestig dit. Hiermee saam volg ook uit Tabel 3 dat alle

2-faktor interaksie effekte nie almal gelyk aan nul is nie m.a.w. sommige of almal v hierdie effekte (d.i. KO, KB, KS, OB, OS en BS) verskil betekenisvol van nul.

Tabel 3: Gesamentlike toets dat alle k-faktor interaksies gelyktydig gelyk aan nul is

k	v.g.	χ^2_L	Waarsk.	χ^2	Waarsk.
1	5	48,19	0,0	31,10	0,0
2	9	65,99	0,0	77,65	0,0
3	7	2,20	0,9477	2,07	0,9560
4	2	0,35	0,8379	0,36	0,8338

Dit impliseer dat in die gesogte model 'n aantal 2-faktor interaksie terme aanwesig moet wees. Ten einde hierdie 2-faktor interaksie terme wat betekenisvol van nul verskil, te identifiseer word van Brown se toets van parsieële en marginale assosiasie (Brown 1976 en Dixon 1988) soos deur die BMDP-pakket toegepas, gebruik gemaak.

Tabel 4: Toets vir parsieële en marginale assosiasie t.o.v. al die effekte afsonderlik

Effek	Parsieële assosiasie		Marginale assosiasie			
	v.g.	χ^2	Waarsk.	v.g.	χ^2	Waarsk.
K	1	8,27	0,0040			
O	1	0,82	0,3650			
B	1	10,12	0,0015			
S	2	28,98	0,0000			
KO	1	0,07	0,7865	1	1,65	0,1983
KB	1	4,15	0,0417*	1	8,94	0,0028*
KS	2	2,79	0,2475	2	8,04	0,0180*
OB	1	0,60	0,4398	1	5,89	0,0153*
OS	2	17,85	0,0001*	2	23,58	0,0000*
BS	2	20,43	0,0000*	2	29,38	0,0000*
KOB	1	0,02	0,9008	1	0,07	0,7901
KOS	2	0,72	0,6973	2	1,02	0,5991
KBS	2	0,18	0,9147	2	0,23	0,8930
OBS	2	0,98	0,6117	2	1,08	0,5833
KOBS	2	0,35	0,8379	2		

Uit Tabel 4 is dit duidelik dat by 'n vyf persent betekenispeil die KB-,OS- en BS-interaksie terme betekenisvol van nul verskil en in die model ingesluit MOET word terwyl KO nie betekenisvol van nul verskil nie en uit die model weggelaat kan word. Oor die interaksie terme KS en OB bestaan daar twyfel omdat slegs marginale-assosiasie-toets hulle as betekenisvol by 'n vyf persent betekenispeil uitwys. Om vas te stel of die byvoeging van KS en/of OB 'n betekenisvolle beter pas as die model

$$\ln m_{ijkl} = \mu + \lambda_i^K + \lambda_j^O + \lambda_k^B + \lambda_l^S + \lambda_{ik}^{KB} + \lambda_{jl}^{OS} + \lambda_{kl}^{BS}$$

Tabel 5: Invloed van byvoeging van KS- en/of OB-interaksie-effekte tot model KB, OS, BS

Nr.(s)	Model	v.g.	Invloed van byvoeging van Effek					
			$\chi^2_L(s)$	Waarsk.	$\chi^2_L(1) - \chi^2_L(s)$	v.g.	Waarsk.	Effek
1.	KB,OS,BS	13	6,64	0,9199				
2.	KB,OS,BS,KS	11	3,31	0,9859	3,33	2	0,1892	KS
3.	KB,OS,BS,OB	12	5,96	0,9183	0,71	1	0,3994	OB
4.	KB,OS,BS,KS,OB	10	2,63	0,9888	4,01	3	0,2604	KS,OB

tot gevolg het, word bepaal of voorgenoemde byvoegings 'n betekenisvolle verlagings in χ^2 tot gevolg het.

Uit tabel 5 volg dat vir model 1 d.i. die model KB, OS, BS, is $\chi^2_L(1) = 6,64$ met v.g. = 13 en 'n oorskrydingswaarskynlikheid van 0,9199 wat daarop dui dat hierdie model die data baie goed pas. Dit beteken dus dat die nulhipotese

$$H_0: KOBS = OBS = KBS = KOS = KOB = KO = KS = OB = 0$$

nie verwerp word nie of anders gestel dat hierdie interaksie-effekte nie betekenisvol van nul verskil nie. Die vraag is egter of die byvoeging van KS en/of OB nie 'n betekenisvolle beter pas tot gevolg sal hê nie.

Vir model 2 d.i. die model KB, OS, BS, KS is $\chi^2_L(2) = 3,31$ met v.g. = 11 en oorskrydingswaarskynlikheid van 0,9859 wat egter ook op 'n goeie pas dui. Die hoeveelheid $\chi^2_L(1) - \chi^2_L(2) = 3,33$ is 'n waargenome waarde van 'n χ^2 -stogastiese veranderlike met oorskrydingswaarskynlikheid van 0,18919. Die relatief groot oorskrydingswaarskynlikheid beteken dat 3,33 nie op 'n betekenisvolle verlagings van $\chi^2_L(1)$ na $\chi^2_L(2)$ dui nie met ander woorde die byvoeging van KS by model 1 het nie betekenisvolle beter pas tot gevolg nie. Die nulhipotese $H_0: KS = 0$ word dus nie verwerp nie.

Op soortgelyke wyse volg, deur die oorskrydingswaarskynlikhede in die linkerkantse helfte van Tabel 5 te beskou, dat OB of KS en OB (gesamentlik) 'n betekenisvolle verlagings in die χ^2_L -waarde van model 1 tot gevolg het nie sodat die gesogte model, die model KB, OS, BS, is. Dit beteken die nulhipotese

$$H_0: KOBS = OBS = KBS = KOS = KOB = KO = KS = OB = 0$$

word "aanvaar". Model 1 het 'n lae χ^2_L -waarde (6,64) met 'n baie hoë oorskrydingswaarskynlik (0,9199) wat op 'n baie goeie pas dui.

Ten opsigte van die interne pas (sel vir sel) van hierdie model is gevind dat die absolute waardes van die gestandaardiseerde residue baie klein is; die grootste absolute waarde is 0,8 wat intern op 'n baie goeie pas dui. Voorgaande dui dus daarop dat die model KB, OS, BS die sinvolste loglineêre model vir die beskrywing van die onderliggende variasie Tabel 1 is.

4. Interpretasie van verkreë model

Die model KB, OS, BS dui dus daarop dat daar 'n betekenisvolle assosiasie tussen SALARIS en ONDERVINDING, SALARIS en BATES asook tussen BATES en KWALIFIKASIE is.

Ten einde vas te stel waarop hierdie assosiasie dui word die gestandaardiseerde waardes van die beramings van die λ -parameters (interaksie-effekte) en die relevante marginale tabelle beskou.

OS-Interaksie

Tabel 6 dui op gestandaardiseerde λ -waardes ten opsigte van die OS-interaksie.

Tabel 6: Gestandaardiseerde λ -waardes

Salaris	Ondervinding	
	0Jr-10Jr	11Jr +
< R30 000	4,298	-4,298
R30 000 - R59 999	-0,138	0,138
R60 000 +	-3,908	3,908

Dit is gebruiklik om die gestandaardiseerde waardes met gestandaardiseerde normaal kritieke waardes ($z_{0,01} = 2,32635$; $z_{0,005} = 2,576$; $z_{0,001} = 3,09$) vergelyk en indien die absolute waardes van die gestandaardiseerde waardes groter as die kritieke waardes is, dui dit op sterk (positiewe of negatiewe) assosiasie. Die "groot" waardes 4,298 en 3,908 in Tabel 6 beteken dat daar betekenisvol meer persone in hierdie twee selle voorgekom het as wat verwag word indien daar geen assosiasie tussen SALARIS en ONDERVINDING was nie, wat dus op 'n sterk positiewe assosiasie tussen 'n klein salaris (< R30 000) en min ondervinding (0Jr - 10Jr) en 'n hoë salaris (R60 000 +) en meer ondervinding (11Jr +) dui. Ten einde 'n beter insig in voorgenoemde assosiasie te kry kan die marginale tabel (met die rypercentasies in hakies) beskou word (Tabel 7).

Tabel 7: Marginale subtabel ten opsigte van Ondervinding en Salaris

Salaris	Ondervinding		Totaal
	0Jr-10Jr	11Jr+	
< R30 000	36 (80,0)	9 (20,0)	45 (100)
R30 000 - R59 999	45 (51,1)	43 (48,9)	88 (100)
R60 000 +	7 (22,6)	24 (77,4)	31 (100)
Totaal	88	76	164

Uit Tabel 7 volg dat 80 persent (20 persent) van die bestuurders wat minder as R30 000 verdien het, het 10 jaar of minder (11 jaar of meer) ondervinding terwyl 77,4 persent (22,6 persent) van die wat R60 000 of meer verdien het het 11 jaar of meer (10 jaar of minder) ondervinding. Dit is dus duidelik dat salarisse betekenisvol toeneem soos ondervinding toeneem.

BS-Interaksie

Uit Tabelle 8 en 9 is dit duidelik dat daar 'n sterk positiewe assosiasie tussen relatief kleiner bates (kleiner verantwoordelikhede) en kleiner salarisse en groot bates (groter verantwoordelikhede) en groot salarisse is. Dit is interessant om daarop te let dat 80 persent van die bestuurders wat minder as R30 000 verdien het op plase was waarvan die bates minder as R1 500 000 is, terwyl 80,6 persent van die bestuurders wat R60 000 of meer verdien het op plase waarvan die bates meer R1 500 000 is, was. Soos te wagte neem salaris betekenisvol toe soos verantwoordelikhede, soos weerspieël deur bates, toeneem.

KB-Interaksie

In Tabelle 10 en 11 word 'n sterk positiewe assosiasie tussen naskoolse opleiding (Graad of Diploma) en groot verantwoordelikhede (bates) aangedui. Let op dat 77 persent van die be-

stuurders op plase waarvan die bates R1 500 000 of meer is het 'n graad of diploma teenoor 23 persent wat nie 'n graad of diploma het nie. Dit dui daarop dat die poste met groot verantwoordelikhede meer deur persone met 'n graad of diploma gevul word.

Tabel 8: Gestandaardiseerde λ -waardes

Salaris	Bates	
	< R1500000	R 1500000 +
< R30 000	3,538	-3,538
R30 000 - R59 999	2,204	-2,204
R60 000 +	-4,925	4,925

Tabel 9: Marginale subtabel ten opsigte van Salaris en Bates

Salaris	Bates		Totaal
	< R1500 000	R1500 000 +	
< R30 000	36 (80,0)	9 (20,0)	45 (100)
R30 000 - R59 999	61 (69,3)	27 (30,7)	88 (100)
R60 000 +	6 (19,4)	25 (80,6)	31 (100)
Totaal	103	61	64

Tabel 10: Gestandaardiseerde waardes

Bates	Kwalifikasie	
	Graad/ Diploma	Geen
< R1 500 000	-2,903	2,903
R1 500 000 +	2,903	-2,903

Tabel 11: Marginale subtabel ten opsigte van Bates en Kwalifikasie

Bates	Kwalifikasie		Totaal
	Graad/ Diploma	Geen	
< R1 500 000	54 (52,4)	49 (47,6)	103 (100)
R1 500 000 +	47 (77,0)	14 (23,0)	61 (100)
Totaal	101	63	164

Alhoewel die interaksie-term KS nie 'n betekenisvolle bydrae tot die verkreë model lewer nie, is dit tog insiggewend om die relevante tabel te beskou (Tabel 12).

Van die bestuurders wat R60 000 of meer verdien het, het 83,9 persent 'n graad of diploma gehad terwyl, 59,1 persent van die wat R30 000 tot R59 999 en 51,1 persent van die wat minder as R30 000 verdien het, 'n graad of diploma gehad. Slegs 16,1 persent van die wat geen graad of diploma het nie, verdien R60 000 of meer. Hierdie is duidelike aanduiding dat met naskoolse opleiding 'n persoon 'n beter kans het om op die lang duur 'n relatief groter salaris te verdien.

5. Samevatting

Uit die bestudering van die tabelle van gestandaardiseerde λ -parameters ten opsigte van die gepaste model KB, OS, BS en die ooreenstemmende marginale subtablelle volg ONDERVINDING en verantwoordelikhede soos gemeet deur BATES die twee faktore is wat SALARISSIE van plaasbestuurders die

sterkste positief beïnvloed, terwyl die poste met groot verantwoordelikhede (groot plase) deur betekenisvol meer persone met 'n graad of diploma gevul word as die daarsonder.

Tabel 12: Marginale subtabel ten opsigte van Salaris en Kwalifikasie

Salaris	Kwalifikasie	Geen	Totaal
	Graad/ Diploma		
< R30 000	23 (51,1)	22 (48,9)	45 (100)
R30 000 - R59 999	52 (59,1)	36 (40,9)	88 (100)
R60 000 +	26 (83,9)	5 (16,1)	31 (100)
Totaal	101	63	164

Die vraag mag ontstaan of naskoolse opleiding dan nie ook salarisse sterk positief beïnvloed nie. Die antwoord hierop lê daarin opgesluit dat die graad of diploma 'n persoon in staat stel om die verantwoordelike poste te beklee (KB) en die groter verantwoordelikheid saam met ondervinding het 'n groter vergoedingspakket tot gevolg. Die feit dat jong afgestudeerdes nie dadelik hoër salarisse verdien moet in hierdie verband in ag geneem word. Hierdie ondersoek bevestig die algemene verwagting dat 'n graad of diploma 'n goeie belegging in 'n persoon self op die langtermyn is en dit saam met die groter verantwoordelikheid wat hierdie na-skoolse opleiding tot gevolg het en goeie ondervinding lei tot die aantreklike vergoedingspakette.

Nota

1. Die skrywers bedank die tydskrif Effektiewe Boerdery vir die beskikbaarstelling van data oor plaasbestuurders in die R.S.A.

Verwysings

BISHOP, YMM, FIENBERG, SE en HOLLAND, FW. (1975), Discrete Multivariate Analysis. Massachusetts Institute of Technology Press.

BROWN, BB. (1976). Screening effects in Multidimensional Contingency Tables. Applied Statistics, Vol 25, No 1:37-46.

DIXON, WJ, (editor). (1988). BMDP Statistical Software Manual. University California Press, Los Angeles.

EFFEKTIEWE BOERDERY. (1989). Effektiewe boerdery Publikasies (Edms) Bpk., Pietermaritzburg, Vol 4, No 5 en 8.

Summary

In this article a contingency table regarding the yearly remuneration experience of occupation (O), responsibility as measured by the value of assets a manager has to deal with in his managerial task (B) and academic qualification (K) of 164 farm managers was analysed. The purpose of analysis was to find a log linear model to explain the variation in the contingency table in the best possible way.

The log linear model consisting of interaction effects KB, OS and BS was found to be the best model. This model implies that yearly remuneration is highly dependent on experience of occupation and responsibilities while managers on farms with considerable assets were predominantly people with post matric qualifications. Thus it seems that a post matric qualification makes a person suitable for positions with greater responsibilities and these positions together with occupation experience resulted in an attractive salary package.